# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 2: 23 Januarie 2026




## BELANGRIKE INLIGTING:


Datums Bl. 3

Produksies 2000 Bl. 7

Klas- en Enkelfoto's Bl. 7

Bidbeertjies Bl. 7



# Uit die kantoor

- Maandag het ons jaarlikse atletiekbyeenkoms by Pelliespark plaasgevind. Ons dogters het dit baie geniet en baie mooi presteer. Dankie aan almal wat deelgeneem het en al ons ouers wat ons atlete ondersteun het. Baie dankie aan mev. Chandriné Jones (sportorganiseerder) vir die reëlings en aan al ons personeel wat as beamptes opgetree het. (Uitslae op bladsy 4.)
- Dit was heerlik om Dinsdag weer interhuis-gala by ons skool se swembad te kon hou. Ons swemmers het weer pragtig presteer. Dankie aan almal wat deelgeneem het en ons ouers wat die swemmers ondersteun het. Almal het dit baie geniet. (Uitslae op bladsy 4.) Baie dankie aan mevv. Chandriné Jones en Danel Minnaar vir die organisering van die byeenkoms. Baie dankie aan ons personeel wat as beamptes opgetree het.
- Verlede naweek het die seniorkoor na Amanzi getoer. Die dogters het dit ongelooflik geniet. Daar is nie net geoefen nie, maar ook heerlik ontspan tussenin. (Foto's op bl. 6) Die koor beplan vanjaar verskeie optredes asook deelname aan die ATKV Applous koorkompetisie. Baie dankie aan mnr. Werner Stander wat die koortoer gereël het. Baie dankie aan die personeel wat ons dogters vergesel het: mevv. Celeste Viljoen, Mariska Erasmus, Engela le Roux, Anzel Henegan, Nadia Jansen van Rensburg en Maretha Steyn.
- Eerskomende Maandag begin die buitemuurse program vir graad 1 tot graad 7 volgens die buitemuurse rooster.
- Ons herinner ons graad 3-7 koshuisouers aan die koshuisvergadering wat Maandag, 26 Januarie, om 08:00 in Le Rouxhuis plaasvind.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 23 Januarie: | Gr. 8 koshuisvergadering 08:00<br>Marimba oefenkamp: 12:00 - 16:00 |
| 24 Januarie: | Marimba oefenkamp 09:00 - 12:00 |
| 26 Januarie: | Koshuisvergadering: Gr. 3-7 08:00<br>Gr. 1: Skoolure 07:30 - 13:00<br>Leerderraadvergadering 17:00<br>Gr. 1-7: Sport begin volgens rooster<br>Vergadering met BL: o. 12A- en o.l3A-hokkie– en netbal-spanne, sowel as die1ste tennisspan |
| 29 Januarie: | Voedselprojek Gr. 7A |
| 2 Februarie: | Sluitkassiekontrole |
| 3 Februarie: | Voedselprojek Gr. 7B<br>Produksies 2000 |
| 4 Februarie: | Jaarbladfoto's: Klas– en enkelfoto's |
| 5 Februarie: | Voedselprojek Gr. 7C<br>Atletiek: Sone C |
| 7 Februarie: | Seniorkoor Oefenkamp 09:00 - 13:00 |
| 9 Februarie: | Valentynsverkope in gimsaal |
| 10 Februarie: | Voedselprojek Gr. 6A<br>Valentynsverkope in gimsaal<br>Tweekamp: Suid-Vrystaat kampioenskap |
| 11 Februarie: | Valentynsverkope in gimsaal |
| 12 Februarie: | Tannie Tania verjaar<br>Voedselprojek Gr. 6B<br>Valentynsverkope in gimsaal<br>Valentynsdagsokkie Gr. 7 saam met Grey by OMS<br>Swem staak |
| 13 Februarie: | Marimba Oefenkamp 13:00 - 16:00 |

# Atletiek

Baie geluk aan elke Eendjie wat deelgeneem het aan Oranje se atletiek-byeenkoms. Of jy nou gespring, gestoot, gehardloop of gesing het julle is almal wenners. Baie geluk aan die volgende dogters wat eerste plekke behaal het tydens die byeenkoms:

o. 7

| | |
|---|---|
| Liné Eksteen | 60m |
| Amelie Olwagen | 80m |

o. 8

| | |
|---|---|
| Debi van Biljon | 60m en 80m |

o. 9

| | |
|---|---|
| Mila van Zyl | 60m en 80m |

o. 10

| | |
|---|---|
| Miné Zwiegelaar | 80m |
| Miané Wessels | 100m |
| Lenike van den Berg | 1200m |
| Lené Janse van Vuuren | Verspring (Rekord) |
| Catie Botha | Hoogspring (Rekord) |
| Nieke du Plessis | Gewigstoot |

o. 11

| | |
|---|---|
| Mianique van Straten | 80m en 100m |
| Elmaré Naudé | 1200m (Rekord) |
| Lexi Schutte | Verspring |
| Lizé Husselman | Hoogspring |
| Anri Liebenberg | Gewigstoot |

o. 12

| | |
|---|---|
| Anné Koortzen | 100m en 150m |
| Lea Cilliers | 1200m |
| Mieke Naudé | Verspring |
| Katrien Robberts | Diskus |
| Danielle van Eeden | Hoogspring |
| Amé J.v. Vuuren | Gewigstoot |
| Anné Koortzen | Spiesgooi |

o. 13

| | |
|---|---|
| Annebel Fick | 100m en 200m |
| Almy Wessels | 800m |
| Lilamari de Villiers | 1500m |
| Ella Myburgh | Verspring |
| Guliana Rudman | Diskus |
| Zea Vorster | Hoogspring |
| Guliana Rudman | Gewigstoot |
| Ella Smith | Spiesgooi |

By vanjaar se atletiekbyeenkoms het nie net die sweet gespat nie, maar die rekords ook. Baie geluk aan die volgende dogters wat nuwe rekords opgestel het.

o. 10

Lené Janse van Vuuren breek 'n rekord wat al 26 jaar lank staan in verspring. Die rekord van 3.48m is in 2001 opgestel deur Jonelke Swanepoel. Lené se naam kom nou in die rekordboek met 'n nuwe afstand van 3.70m.

Catie Botha breek 'n rekord wat al 16 jaar lank staan in hoogspring. Die rekord van 1.18m is in 2010 opgestel deur Jané Britz. Catie se naam kom nou in die rekordboek met 'n nuwe afstand van 1.19m.

o. 11

Elmaré Naudé breek 'n rekord wat nou 9 jaar lank staan in die 1200m. Die rekord van 4.15.72 is in 2017 opgestel deur Carlé Stockenström. Elmaré se naam kom nou in die rekordboek met 'n nuwe tyd van 4.10.87.

Die volgende dogters kwalifiseer vir die Kampioen van Kampioene wedloop:

o. 8 Debi van Biljon
o. 9 Mila van Zyl
o. 10 Miné Zwiegelaar
o. 11 Mianique van Straten
o. 12 Anné Koortzen
o. 13 Annebel Fick

Baie geluk aan Mila van Zyl wat as wenner gekroon word en wegstap met die Kampioen van Kampioene beker vir 2026.

# Swem

Dit was op Dinsdag, 20 Januarie weer tyd vir Oranje se gala. Die dogters het dit vreeslik baie geniet en die maats op die pawiljoen het hulle baie luidrugtig aangemoedig. Die volgende dogters het eerste plekke tydens die gala behaal:

o.9

| | | |
|---|---|---|
| Aila Cilliers: | 50m | Borsslag |
| | 50m | Vlinderslag |
| Miané Neethling: | 50m | Rugslag |
| Leah Ranft: | 50m | Vryslag |

o.10

| | | |
|---|---|---|
| Lily Erasmus: | 200m | IM |
| | 50m | Borsslag |
| | 50m | Vlinderslag |
| Mychyla Roos: | 50m | Rugslag |
| | 50m | Vryslag |

o.11

| | | |
|---|---|---|
| Elmaré Naudé: | 50m | Rugslag |
| | 100m | Rugslag |
| | 50m | Vlinderslag |
| | 50m | Vryslag |
| Emma Relling: | 200m | IM |
| | 50m | Borsslag |
| Anri Liebenberg: | 100m | Vryslag |
| Kiara Munro: | 100m | Borsslag |

o. 12

| | | |
|---|---|---|
| Lisa le Roux: | 100m | Vryslag |
| | 100m | Rugslag |
| | 50m | Vlinderslag |
| | 50m | Vryslag |
| | 100m | Borsslag |
| Z'ney Piechaczek: | 50m | Rugslag |
| | 100m | Vlinderslag |
| Kailah Nel: | 200m | IM |
| Lea Cilliers: | 50m | Borsslag |

o. 13

| | | |
|---|---|---|
| Carinke Wessels: | 200m | IM |
| | 50m | Rugslag |
| | 100m | Vryslag |
| | 100m | Vlinderslag |
| | 50m | Borsslag |
| | 100m | Rugslag |
| | 50m | Vlinderslag |
| | 50m | Vryslag |
| | 100m | Borsslag |

Sport

# Laser Run

Die volgende dogters het op 12 en 13 Desember 2025 aan die Laser Run Wêreldkampioenskap deelgeneem in Mosselbaai en soos volg presteer:

Leah Venter
Worlds individual 6de

Tené Venter
Worlds individual 18de

Z'Ney Piechaczek
Relay team 3de
Worlds individual 15de

# Triathle

Die volgende dogters het vanaf 9 tot 12 Desember aan die Triathle Wêreldkampioenskap deelgeneem in Mosselbaai en soos volg presteer:

o. 9
Leah Venter 7de

o. 13
Tené Venter 26ste
Z'Ney Piechaczek 11de

# Biathle

Die volgende dogters het vanaf 9 tot 12 Desember aan die Biathle Wêreldkampioenskap deelgeneem in Mosselbaai en soos volg presteer:

o. 9
Leah Venter 12de

o. 11
Lenike van den Berg 18de

o. 13
Tené Venter 35ste
Z'Ney Piechaczek 16de

# Tennis

Lené Vermeulen het op 16 en 17 Januarie 2026 deelgeneem aan die Round Robin Tennis Toernooi. Sy het 'n eerste plek behaal in die enkelspel vir dogters onder 12.

# Tweekamp

Z'Ney Piechaczek het op 29 November 2025 aan die Noord-Kaap interprovinsiale byeenkoms deelgeneem en 'n eerste plek behaal vir dogters onder 13.

# Swem

Die volgende dogters het op 17 en 18 Januarie 2026 deelgeneem aan die Kovsie Ope Water swem by Gariepdam en soos volg presteer:

Carinke Wessels:
Dogters 13 jaar en jonger 1km 1ste
Dames ope 5km 1ste

Leah Ranft:
Dogters 13 jaar en jonger 1km 23ste

Jeanine Goosen:
Vrouens 13U & 31+ 1km 5de

Vida Olivier:
Vrouens 13U & 31+ 1km 10de

Aruana van der Westhuizen:
Dogters 13 jaar en jonger 3km 1ste

Z'Ney Piechaczek het vanaf 3 tot 7 Desember 2025 aan die Vrystaat Swemkampioenskap in Bloemfontein deelgeneem en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| 200m | Vryslag | 4de |
| 100m | Vryslag | 6de |
| 50m | Vlinderslag | 6de |
| 200m | IM | 7de |

# Algemeen

# Koor

Die seniorkoor het die afgelope naweek na Amanzi buite Brandford getoer vir hul jaarlikse koor oefenkamp. Die dogters het dit geweldig geniet en het hard geoefen aan hul nuwe koorliedjies. Teambo het gesorg vir spanbou en het die dogters behoorlik op hul tone gehad. Die dogters kon ook swem en die ander fasiliteite by Amanzi gebruik.
Dankie ook aan die personeel wat die dogters vergesel het: Mnr Werner Stander, mevv. Maretha Steyn, Nadia Jansen van Rensburg, Celeste Viljoen, Engela le Roux en Mariska Erasmus. Mevv. Adrie Albertyn en Anita Fourie het ook Saterdag saam met die koor kom spandeer en lekker saamgekuier.
Ons is trots op elke dogter vir hul harde werk en toewyding. Die koor het as 'n volwaardige eenheid na Bloemfontein teruggekeer. Ons sien uit na die 2026 koorjaar!













# Produksies 2 000

Op Dinsdag, 3 Februarie, kom Produksies 2000 weer na ons skool met:

**Kry 'n Lewe!**

Die produksie fokus op die bestanddele vir 'n goeie lewe – soos 'n pizza... wat gaan jy op jou "stukkie lewe" sit? Hoe groot sny jy jou stukke (belangstelling)? Maak reg vir 'n fees van pro-aktiewe gedrag soos ons die vier hoofkarakters *(twee boelies en hulle slagoffers)* volg om 'n meer genotvolle lewe te bou. Wil jy oneerlikheid en jaloesie op jou stukkie "vriende-pizza" strooi (waardes)? Hoe proe dit (uitkoms)? Baie pret in hierdie maklik-verstaanbare storielyn. Abstrakte konsepte word konkreet op die verhoog gedemonstreer en ouderdomsgerigte voorbeelde word gebruik sodat ALMAL in die gehoor dit verstaan.

Dogters sal 'n Karri-uitnodiging ontvang van R25 vir die opvoering, wat voor of op Maandag, 2 Februarie, inbetaal moet wees.

# Klas– en enkelfoto's

Klas- en enkelfoto's word op 4 Februarie geneem. Elke dogter ontvang die enkelfoto-pakket gratis, maar sal d.m.v. Karri die klasfoto kan bestel.

Sussiefoto's word ook op 4 Februarie geneem. Die foto moet egter vooraf by Marita bestel word d.m.v. Karri. Alle sussiefoto's moet reeds voor of op 3 Februarie bestel wees.

BESTEL ASB. *BY JOU OUDSTE LAERSKOOL DOGTER*.

BESTEL ASB. BY HAAR DIE HOEVEELHEID FOTO'S WAT JY SOEK.

*MOET NIE BY ELKE DOGTERTJIE BESTEL NIE.*

DIT MAAK DIE ADMININISTRASIE BAIE MOEILIK!!

| | |
|---|---|
| Sussiefoto's: | R100 |
| Klasfoto's: | R50 |

# Bidbeertjies

In Januarie 2023 het Oranje vir die eerste keer vir elke gr. 1 dogtertjie 'n sakpas bidbeertjie gegee. Vanjaar het ons die voorreg om dit weer te kan doen.

Die idee met die beertjie is dat elke dogtertjie weet dat sy nie alleen is in die groot skool nie. Die beertjie is 'n simbool dat Jesus by haar is.

Die beertjies word gebrei deur 'n paar Oranje-eendjies se oumas. Terwyl hulle dit brei bid hulle vir die dogtertjie wat dit gaan ontvang. So word elke dogtertjie geseën.

Ons doen 'n beroep op enige iemand wat kans sien vir hierdie liefdes-werk vir 2027 se graad 1 dogters, om met Corné Grobbelaar kontak te maak. Haar nommer sal deur die kantoor verskaf word op aanvraag.





# Gedagte vir die week

**Gesinne vandag: "Connected of Disconnected?"**

Nog nooit was daar 'n tyd waar die mens so "connected" was as juis vandag nie. Jy "connect" deur middel van jou selfoon, rekenaar, televisie, radio, koerant of tydskrif. Die word FOMO (*fear of missing out)* is 'n relatief nuwe woord en het baie te doen met die mens se drang om "connected" te wees. Tog, nog nooit was daar 'n tyd waar die mens so geïsoleerd, alleen en eensaam geleef het nie. Iewers is daar 'n misverstand…

In die huwelik en die gesin is almal besig. Almal ken baie mense. Almal hardloop en beweeg teen hoë spoed. As hulle tot rus kom, of liewer sogenaamd tot rus kom, is dit nie met mekaar nie. Nee, die meeste van die tyd is dit met tegnologie wat ons kwansuis so "connected" hou. Om mekaar in die oë te kyk en mekaar se harte te sien en te deel, is oudmodies. Om stil te sit vir mekaar en by mekaar, gebeur selde. Almal jaag en verbeel hulle hulle is so "connected".

Die mens van vandag het tevrede geraak met die "*likes*" van sosiale media eerder as die *liefde* van die mense die naaste aan jou.

Craig Groeschel beskryf dit so raak, so in die kol en baie beter as wat ekself dit kan doen. Lees dit stadig, dink daaroor, lees dit weer, doen bietjie selfondersoek… Praat hy nie dalk hier van jou, of jou huweliksmaat of jou kind nie? Is hierdie nie dalk die situasie in jou gesin nie?

***"We're busy, but bored.***
***We're full, but empty.***
***We're connected, but lonelier than ever.***
***We're more connected online than ever,***
***but we often feel more alone than we can describe."***

Die bekende Leonard Sweet skryf juis dat soos tegnologie al hoe meer ons lewens gaan oorneem en meer en meer gevorderd gaan raak, ons drang en verlange na dieper, meer intieme verhoudings gaan toeneem. Isolasie is 'n siekte. Isolasie is 'n probleem. God, 'n verhoudings God, het die mens na Sy beeld geskep, naamlik 'n verhoudingsmens.

**Jy is gemaak om te "connect"!**

Jy is gemaak vir 'n verhouding met God en verhoudings met ander mense.
Verseker is dit nie die gesig van 'n selfoon, rekenaarskerm of televisieskerm nie.
Jy mag dalk dink dit bevredig.
Jy mag dalk dink dis konneksie.

**Dink weer…..**

*Geskryf deur Johan Smith*




# Advertensies


DANNi DiNOCORN
Bly Kalm
"Danni Dinocorn Bly Kalm" is 'n speelse , 7-week groepprogram waar kinders kan leer hoe om angs met selfvertroue te hanteer
Hoekom Is Ouers Lief Vir Danni Dinocorn
☑Ontwerp en aangebied deur sielkundiges
☑Kleurvolle werksboek en materiaal
☑Praktiese hanteringsvaardighede
Wanneer : 4 Feb (6-9 jr) / 6 Feb (10-13 jr)
• Woensdae (kinders 6-9 jr) 15:00-16:00
• Vrydae (kinders 10-13 jr) 14:15-15:15
Waar
Innes Rylaan 26, Waverley, Bloemfontein
Skryf Nou In
Het jy geweet
Angs is die mees algemeenste uitdaging waarmee kinders vandag worstel. Na raming affekteer dit 1 uit elke 12 kinders.
7 sessies @ R2400 Werkboek & animasie videos
Lucie Grové
Kliniese Sielkundige
BA. Hons (Sielkunde), NWU
M.A. (Kliniese Sielkunde), UFS
Jemona Taylor
Voorligting Sielkundige
B.Sc. Hons (Sielkunde), US
M.Sc. (Voorligting Sielkunde), UFS
+27 (0)82 094 6078
info@dannidinocorn.com
facebook @Dannidinocorn
www.dannidinocorn.com

# Pos beskikbaar

1907

## C EN N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

Die Beheerliggaam wag aansoeke in vir die 2 ondergenoemde poste:

## 1. GRONDSLAGFASE ONDERWYSPOS: GRAAD 3
## 2. GRONDSLAGFASE ONDERWYSPOS: GRAAD 1 (AFLOS)

**Vereiste gesertifiseerde dokumente wat aansoek moet vergesel:**

- Volledige CV met verwysings
- Bewys van kwalifikasies
- Polisieklaring of bewys dat daarvoor aansoek gedoen is
- Geldige rybewys
- ID-dokument
- SACE-registrasie

**Vereistes:**

- Toepaslike grondslagfase onderwyskwalifikasies
- Rekenaarvaardigheid
- Meld buitemuurse betrokkenheid

**Taal van onderrig:**
Afrikaans

**Diensaanvaarding: 8 April 2026**

**Sluitingsdatum** vir aansoeke: **Vrydag, 30 Januarie 2026** om **13:00**

**Rig aansoeke aan:** Die Skoolhoof, Aliwalstraat 99, Bloemfontein, 9301 - Tel: 051-447 6845

**Handig CV per hand by Primêre skool se kantoor in of stuur per e-pos aan kantoor@oranjeprimer.co.za.**

**Geen terugvoer binne twee weke na sluitingsdatum beteken dat u nie suksesvol in u aansoek was nie.**